BESKRYWINGSPUNTE

B.1. Heroorweging van Leraars se finale aftree-ouderdom

INGEDIEN DEUR: Sentrale Ring - Vrystaat Sinode

Op voorstel van dr Marais en mnr Greyling, kerkraadslede, die volgende:
die Sentraal Ring versoek die Algemene Sinode om die finale uittree-ouderdom van leraars, vanaf 70 jaar te heroorweeg en wel om die volgende redes:

- Daar is klein gemeentes op die platteland met ongeveer 120 lidmate wat nie 'n predikant op eerste skaal kan bekostig nie.
- Daar tree meer predikante af as wat nuwe predikante tot die bediening toetree.
- Daar moet weer oor die lewenslange roeping van predikante nagedink word.

B.2. Ondersoek na hoe dit vir gemeentes moeilik gemaak word om predikante te beroep

INGEDIEN DEUR: Vrystaat Sinode

Die Sinode van die Ned Geref Kerk Vrystaat het in 2013 aan die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK), opdrag gegee “om ter wille van volhoubare Woordbediening in elke gemeente, alles wat die Algemene Sinode oor predikantsposte besluit en bepaal het, te ondersoek uit die hoek van hóé dit vir gemeentes moeilik gemaak word om predikante te beroep en met voorstelle, die Algemene Sinode te versoek om dit te verander”.

Die opdrag van die Sinode gaan duidelik van die veronderstelling uit dat gemeentes minstens een opgeleide bedienaar van die Woord sal hê. In die gereformeerde ekklesiologie en praktyk is daar sekere merkers wat hierdie veronderstelling bevestig.

- Binne hierdie ekklesiologie is die gemeente volledig kerk. Dit het alles en doen alles wat dit kerk maak soos die Here bedoel het.
- Die merktekens van die ware kerk is die suiwer bediening van die Woord en sakramente en die handhawing van die kerklike opsig en tug (vgl NGB Artikel 29).
- Christus as Hoof van sy gemeente regeer deur sy Woord en Gees deur gebruikmaking van spesifieke ampte of dienste. Alhoewel die Skrif van ’n hele verskeidenheid ampte of dienste berig, het Gereformeerdes veral vanuit die getuienis van die Pastorale Briewe dit saamgetrek in die amp van ouderling en diaken. By die diens van ouderling word dan onderskei tussen lerende en regerende ouderlinge. Die Nederlandse Geloofsbelydenis praat in Artikel 30 oor “die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het”. Hier word gewag gemaak van dienaars of herders wat die Woord van God moet verkondig en die sakramente moet bedien en ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm. Die Dordtse Kerkorde van 1618-19 beskou ook die diens van die bedienaar van die Woord as een van vier besondere dienste in die gemeente van Christus. Die NG Kerk het deur sy geskiedenis hier aan die suidpunt van Afrika die bediening van die Woord en sakramente in die gemeente aan hierdie amp toevertrou. Regerende ouderlinge kan wel leesdienste hou, terwyl ander vorme van Woordbediening deur ander lidmate as predikante, soos kategese, die lei van Bybelstudies en ander kleingroepbyeenkomste en dies meer, wel ’n plek in die gemeentelike lewe het.
- Die amp van bedienaar van die Woord met sy besondere toerusting daarvoor was egter nog altyd as essensieel tot die goeie funksionering van die gemeente gesien.
- Die NG Kerk het op voetspoor van ander gereformeerde kerke oor baie jare goeie teologiese opleiding as voorvereiste gestel vir iemand om amptelik bedienaar van die Woord in die gemeente wees. In kort kom dit huidig neer op bepaalde akademiese kwalifikasies in teologie

(minstens twee universiteitsgrade), gebondenheid aan die Drie Formuliere van Eenheid en voldoende bewyse van kerklike meelewing en ‘n vroom lewenswyse. Vroeër jare was daar die toegewing dat mense met sogenaamde singuliere gawes ook toegelaat kon word tot amp van leraar. Sedert 2011 word binne NG Kerkgeledere gepraat van persone met beperkte bevoegdheid om as bedienaars van die Woord in gemeentes bevestig te word. Ouderlinge wat van die ring en kerkraad preekvergunning gekry het, word toegelaat om eredienste te lei onder sekere voorwaardes. Hier gaan dit egter ook om bepaalde ouderlinge wat spesifiek preekvergunning verkry en toegerus word om die Woord tydens eredienste te bedien (’n regerende ouderling met ’n lerende funksie). Dit spreek veral ’n behoefte aan in klein gemeentes op die platteland wat nie meer bedienaars van die Woord kan bekostig nie. Laasgenoemde twee moontlikhede is egter uitsonderings op die reël. Algemene Sinode 2015 het duidelike riglyne en vereistes goedgekeur vir die deurlopende toerusting van ouderlinge met beperkte Woordbedieningsbevoegdheid ten einde te verseker dat die Woordbediening in gemeentes in alle gevalle Skrifgetrou, effektief en van hoë kwaliteit is. Hierdie uitgangspunte impliseer dat die bediening van die Woord (tot nou toe hoofsaaklik deur ’n akademies-toegeruste leraar as ideaal), een van die kernfunksies is waardeur die gemeente opgebou en toegerus word vir hulle dienswerk (Ef 4:11evv). Dit impliseer voorts dat die amp of diens van bedienaar van die Woord onontbeerlik is vir die gesonde funksionering van die gemeente. In praktyk kom dit daarop neer dat die gemeente nie sonder ‘n bedienaar van die Woord kan klaarkom nie.

Die opdrag van die sinode het as agtergrond die feit dat ’n baie groot persentasie gemeentes in die Vrystaat, of nie meer voltyds-onbepaalde predikantsposte het en/of kan bekostig nie, of vir ’n onbepaalde termyn nie ’n predikant het nie, of dat baie predikante nie op skaal vergoed word nie. Alhoewel daar ’n verskeidenheid faktore kan wees vir hierdie onrusbarende tendens, impliseer die opdrag van die sinode dat daar huidig sekere kerkordelike reëlings is wat dit ook vir gemeentes moeilik maak om ’n bedienaar van die Woord te hê. Om die vraag te antwoord of dit wel so is, word die huidige kerkordelike praktyk vervolgens aan die orde gestel.

Die huidige reëling is dat ’n vaste termynpos vir maksimum drie jaar mag duur en met goedkeuring van die ring vir ’n maksimum van twee jaar verleng mag word (Kerkorde Vrystaat 2013, Reglement vir Vaste Termynposte, punt 5). Die ideaal dat ’n gemeente oor ’n voltyds-onbepaalde predikantspos moet beskik en dat ’n vaste termynpos slegs ’n oorbruggingsmaatreël moet wees, is waarskynlik die agtergrond hiervan. Die feit is egter dat baie gemeentes se huidige demografie dit baie moeilik maak om in die afsienbare toekoms ’n voltyds-onbepaalde pos te skep. So ’n gemeente sou eenvoudig onverantwoordelik wees om ’n predikant in ’n voltyds-onbepaalde pos te beroep, omdat hulle deur ’n Kerkordelike Reglement beperk word deur slegs vir vyf jaar (drie plus twee), ’n vaste termynpos te mag hê. Die beperking op die duur van vaste termynposte maak dit dus vir baie gemeentes moeilik om ’n geskikte bedienaar van die Woord te hê. Hierbenewens is dit veral op die platteland moeilik vir ’n predikant om ’n tentmaker te wees. In klein dorpies is werksmoontlikhede uiters beperk en dit geld veral vir die soort beroepe wat goed kan pas by ’n tentmakersituasie.

’n Verdere saak is die interessante feit dat die Kerkorde nêrens voorsiening maak vir ‘n onbetaalde bedienaar van die Woord nie. Die enigste manier waarop ’n predikant aan ’n gemeente gekoppel kan wees, is die drie poste wat reeds genoem is. In die betrokke Kerkorde-artikels word slegs voorsiening gemaak vir diensooreenkomste wat ‘n werkgewer-werknemerverhouding impliseer. In beginsel behoort dit egter moontlik te wees om in die amp van bedienaar van die Woord te wees sonder enige vergoeding van enige aard. Die ampsverhouding wat vir ’n ouderling of diaken geld, kan ook vir ’n predikant geld. So ’n beskouing op die saak bring uiteraard die ideaal van ’n voltydse predikant in gedrang, maar dit is tog reeds met die skep van tentmakersposte in die kerklike lewe ingebring. Die Kerkorde behoort dus voorsiening te maak vir ’n predikantspos sonder enige vergoeding, of enige iets anders wat ’n werkgewer-werknemerverhouding veronderstel. Dit kan ook in sekere omstandighede vir gemeentes makliker maak om ’n bedienaar van die Woord te hê.

Laastens moet daar op gewys word dat die huidige situasie al hoe meer gemeentes noop om predikantsposte te verminder, met buurgemeentes saam te smelt of saam te werk. Dit veroorsaak in sommige situasies, veral in stede, dat die werkslading van predikante al hoe groter word. Die

gevolg is dat effektiewe Woordbediening aan alle lidmate in gedrang kom. Hierbenewens is dit ’n bekende feit dat predikante toenemend aan uitbranding en depressie ly. Dit beïnvloed ook effektiewe Woordbediening in die gemeentes. Veral op die platteland met gemeentes wat net een predikantspos het en gegewe die groot afstande tussen dorpe, is dit moeilik om saam te werk, ’n predikant te deel of selfs een gemeente te word. Rings- en sinodaleverpligtinge plaas ook groter druk op die kleiner hoeveelheid predikante wat dit moet nakom. Ook dit werk negatief in op effektiewe Woordbediening in die gemeentes.

In die argumente waarom daar sekere beperkings op ouderdom en vaste termynposte geld, word gewys op die groot aantal proponente wat nie beroepe kry nie omdat emeriti hierdie poste vul en so verhoed dat proponente beroep word. Die anderkant van die munt is dat daar baie emeriti is wat finansieel sukkel en vir wie ’n vaste termynpos werklik ’n uitkoms is. Na beide kante toe moet die uitgangspunt egter wees dat die noodsaak van volhoubare effektiewe Woordbediening in gemeentes die deurslag moet gee in ons kerklike besluite en reëlings. Gemeentes behoort die grootste moontlike vryheid te hê om gegewe hulle situasie en in samewerking met die ring, een of meer poste vir bedienaars van die Woord te kan vul.

Dit word gesê met groot begrip dat arbeidsregtelike vereistes deesdae ’n wesenlike invloed het op Kerkordelike bepalings waar die predikant ’n werknemer van die kerkraad of kerkverband is. Daar is byvoorbeeld reëlings in die Reglement vir Vaste Termynposte oor pensioen wat in die lig van die Arbeidsreg nie anders kan nie (vgl Kerkorde Vrystaat 2013, Reglement vir Vaste termynposte, punte

2.3.4.1 en 2.3.4.2). Dit sal kerkrade baie help om begrip hiervoor te hê indien die Kerkorde en Reglemente verwysings na die Arbeidsreg bevat waar dit van toepassing is. Die ander kant van die munt is die vraag of dit, gegewe die eie aard van die kerk nodig is om die arbeidswetgewing te verreken in die kerkordelike reëlings vir predikantsposte. Predikante staan immers heel eerste in ’n ampsverhouding met die gemeente. Daar is denominasies in ons land wat in hulle kerklike reëlings in hierdie verband van hierdie uitgangspunt uitgaan en geen poging aanwend om die bestaande arbeidwetgewing te inkorporeer nie. Oënskynlik word dit so aanvaar deur die relevante owerhede. Vergelyk in hierdie verband die volgende waarneming van dr Helena van Coller, Regsfakulteit, Rhodes Universiteit, in LitNet Akademies Jaargang 10(3), ISSN 1995-5928:

“Die kerk sou wel kon aantoon dat die betrokke predikant nie ’n werknemer van die kerk is nie en dat die geskil gevolglik nie aan die Wet op Arbeidsverhoudinge of die Wet op Billike Indiensneming onderhewig is nie – indien hulle veral op die sienings binne die gereformeerde kerke en die Anglikaanse Kerk sou steun. Die siening in gereformeerde kerke is dat predikante nie as werknemers van die kerkraad beskou word nie. In die saak van Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA10, gee die Anglikaanse Kerk gelyk in hulle siening dat,

a priest is not regarded as the servant of the Church: while the Church provides the framework for the priest’s work (through the constitution and canons), the priest is regarded as working for God, i.e. the relationship between the priest and the Church cannot be regarded as one of employment. The applicant simply, according to it, provided the sphere within which priests serve God arising out of their calling. It is for that reason, so applicant argued, that priests are said to be called of God and serving God and offering their lives to God – this precludes the Anglican Church generally, and the applicant in particular, from speaking of employing priests (Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others 2001 11 BLLR 1213 (AH) 1227, 1217xiii).

Dit is egter duidelik dat daar op die oomblik geen algemene reël in die Suid-Afrikaanse reg bestaan ten aansien van die diensverhouding van ’n predikant nie. Die hof beslis soos volg in Wagenaar v United Reformed Church SA: *“It seems that there is no general rule in South Africa as to whether a Minister of Religion is an employee or not. Nor is there likely to be. Different denominations have different teachings and ideologies. In my view each case depends upon the facts.” (Wagenaar v United Reformed Church SA 2005 1 BALR 127 (KVBA) 139F)”.*

In die lig hiervan sou dit ook vir gemeentes makliker kon maak om ’n bedienaar van die Woord te hê indien die kerk glad nie gebonde is aan ’n kerkvreemde arbeidswetgewing wat nie die eie aard

van die kerk en die ampsverhouding tussen gemeente en predikant verreken nie.

Aanbevelings:

Die Vrystaat Sinode versoek die Algemene Sinode om in die lig van bogenoemde motivering:

1. die Kerkordeartikels, Reglemente en kerkordelike besluite oor predikantsposte te hersien ten einde vir gemeentes die grootste moontlike vryheid te gee om gegewe hulle situasie en behoeftes in samewerking met die ring, een of meer poste vir bedienaars van die Woord te vul. Die uitgangspunt moet volhoubare effektiewe Woordbediening in soveel as moontlik gemeentes wees;
2. die termyn vir vaste termynposte vas te stel op maksimum drie jaar, sonder om enige beperking te stel op die hoeveelheid kere wat dit verleng kan word;
3. benewens die voltyds-onbepaalde-, tentmaker- en vaste termynposte, 'n vierde pos te skep vir predikante sonder enige verpligte vergoeding en wat dus nie 'n werkgewer-werknemer verhouding veronderstel nie.
4. die moontlikheid te ondersoek om die kerkorde en reglemente oor predikantsposte so te verander dat die verhouding tussen die predikant en die gemeente as 'n ampsverhouding beskryf word en nie 'n werkgewer-werknemerverhouding nie.

B.3. Besware teen beroep (Kerkorde 2015)

INGEDIEN DEUR: Bloemheuwel Ring – Vrystaat Sinode

Die Algemene Sinode neem die toepaslike klousules in revisie om voorsiening te maak daarvoor dat die beroepde leraar nie wesentlike materiële, geestelike en emosionele skade en trauma kan ly nie en sy verhouding met sy huidige gemeente nie onherstelbaar geskaad word nie.

In geval van 'n beswaar teen 'n beroep moet dit prosedureel en substantief met dieselfde erns en deeglikheid hanteer word as 'n tugsaak, sodat die *audi alteram partem* gemeenregtelike reël gevolg word.

Motivering:

1. Die prosedure in die klousules skep ruimte dat die beroepde predikant wesentlike materiële, geestelike 'n emosionele skade en trauma kan ly sonder dat daar enige wyse is om vas te stel of die beswaar in mala fide aangebring is, of dat hy in die posisie geplaas word om homself te verweer. Sy verhouding met sy huidige gemeente kan ook onherstelbaar geskaad word. Die betrokke predikant sou die hof kon nader vir skadevergoeding en 'n lastereis op grond van onbillike prosedures wat gevolg word. Die hof sal waarskynlik vermy om oor die meriete van die saak 'n mening te he maar sal beslis nie skroom om oor die adminstratiefregtelike aspekte die saak in hersiening te neem nie. In ieder geval behoort die kerk deur sy liefde, billikheid en respek vir medegelowiges prosedures te volg wat die eise van 'n wêreldse hof ver te bowe gaan.

2. Punt 8.1 behoort voorsiening te maak vir meganismes dat die beroepde predikant kan bevestig dat die beswaarde inderdaad 'n lidmaat van die roepende gemeente is en nie 'n kwelsieke of kwaadwillige buitestaander is nie. Daar behoort ook duidelik gereël te word dat die beroepde predikant en sy huidige ring volle toegang kan he tot die skriftelike besware sodat 'n billike ondersoek moontlik is. Die identiteit van die klaer/beswaarde behoort nie geheim te word nie, sodat wie ookal die saak ondersoek in die posisie is om die persoon op te roep en te kruisondervra. Die huidige stelsel ingevolge waarvan beswaardes anoniem kan bly en skotvry daarvan kan afkom as die beswaar ongegrond of kwaadwillig is, is 'n wesentlike aantasting van die beroepde predikant se mees basiese regte om billik en menswaardig behandel te word.

3. Die klousules maak nie voorsiening daarvoor dat die betrokke predikant se kant van die saak in sy teenwoordigheid gestel kan word nie. So word die regte van die beroepde predikant drasties ingeperk tot blote kennisname van die gerugte/besware en daar is geen remedie vir hom is om sy goeie naam te herstel of om oor die geldigheid van die redes te debatteer nie. Hy word dus een van die mees basiese menseregte nl "om te hoor en gehoor te word" op 'n brutale wyse ontneem.

4. Die klousule maak nie voorsiening daarvoor dat die huidige ring van die. predikant voorsien moet word van alle dekkende dokumente en die identiteit van die klaers nie. Dit is dus vir die Ring tegnies onmoontlik om die aantygings na behore te ondersoek.

5. Punt 8.3.4 skep ruimte dat die beroep ongeldig verklaar kan word desnieteenstaande die feit dat die huidige ring nie saamstem met die beswaar nie of vanwee geheimhouding van beswaardes se identiteit en die volledige inhoud van die beswaar nie 'n verantwoorde mening kan uitspreek nie. Dit is gruwelike ongeregtigheid in syergste graad.

6. Daar behoort ook voorsiening gemaak te word vir meganismes dat die betrokke predikant of huidige ring op prosedurele of substantiewe gronde appel kan aanteken teen die beroepende gemeente en ring se hantering van die saak, ingevolge waarvan die afhandeling van die beroep moet oorstaan tot die appel afgehandel is

B. 4. Sakramentsbediening deur proponente

INGEDIEN DEUR: Fauresmith Ring – Vrystaat Sinode

Die Algemene Sinode besluit om die reglement te wysig wat verhoed dat proponente sakramente kan bedien.

Motivering:
Die Here gee bepaalde gawes aan sy kerk, soos onder andere apostels en leraars. ‘n Proponent is ‘n persoon wat die gawe van lering ontvang het en ook ‘n lerende ouderling genoem kan word. Wanneer ‘n proponent afgestudeer het en gelegitimeer is, het die Kuratorium en die kerk dus bevind dat die proponent oor genoegsame kennis beskik, sowel as bevoeg bevind is om as leraar te werk. Hy/sy is dus gereed om in ‘n gemeente werksaam te wees en om beroep te word na ‘n gemeente. ‘n Proponent val onder die toesig van die plaaslike Ring.

Binne die Gereformeerde tradisie word daar nie ‘n onderskeid gemaak tussen die Woord en die Sakramente nie en is die een nie meer verhewe as die ander nie. Die Kerkraad hou toesig oor die suiwer bediening van die Woord en die sakramente.

As ‘n proponent geskik bevind is deur ‘n Kuratorium om op te tree as leraar en daardie proponent dan onder toesig van ‘n Ring val en die Kerkraad toesig hou oor die suiwer bediening van die sakramente, voel dit dan logies dat ‘n Kerkraad ‘n Ring sou kon versoek om toestemming te verleen dat ‘n proponent onder die Ring se opsig, sakramente kan bedien in ‘n gemeente waar die betrokke Kerkraad toesig hou.

Die proponent is ‘n leraar wat een van God se gawes aan die kerk is, daarom versoek die Fauresmith Ring die Algemene Sinode om die Kerkorde te wysig om aan proponente die bevoegdheid te gee om sakramente te bedien wanneer gemeentes die Ring daartoe versoek.

B.5. Herinterpretasie van die Belydenisskrifte ten opsigte van die doopbeskouing en die relevansie vir vandag van ‘n afwysing van die wederdopers

INGEDIEN DEUR: Sinodale Diensraad – Oostelike Sinode

Die Algemene Sinode gee opdrag aan ATLAS om die belydenisskrifte te herinterpreteer met spesifieke verwysing na die doopbeskouing en die relevansie vir vandag van die afwysing van die wederdopers.

REVISIE

Volgens Kerkorde Reglement 19 Punt 2.2.2 word *"beskrywingspunte waar nuwe aanbevelings oor vorige besluite gemaak word…geag genoegsame skriftelike kennisgewing (van revisie) te wees."*

In hierdie geval geld dit dan die besluit van die Algemene Sinode 2015 soos vervat in die Handelinge p 61 Punt 1.7.3 "D*ie Algemene Sinode besluit om nie weer die moontlikheid van 'n sogenaamde belydenisdoop (…) verder te oorweeg nie."*

MOTIVERING

Die Sinodale Diensraad van Oostelike Sinode het uitvoerige gesprekke gehad met lidmate en leraars wat die behoefte uitspreek aan 'n "belydenisdoop" as simbool van hernude toewyding aan die Here.

Vir die gesprekke was die volgende duidelike merkers:
1. Hierdie leraars en lidmate praat nie vanuit 'n onderwaardering van die verbondsdoop nie. Positief gesê: hulle leef vanuit die verbondsdoop en die beloftes en waarborge wat daarin vir ons gegee word. Hulle ag die verbondsdoop as iets kosbaars en iets waaraan hulle onvoorwaardelik vashou.

2. Hulle is verbind tot die Gereformeerde leer soos wat leraars dit met hulle legitimasie en lidmate met belydenisaflegging onderskryf het.

3. Hulle vra vrae vanuit 'n eerlike behoefte wat op die tafel van die Sinodale Diensraad gesit is.

4. Hulle soek nie 'n skuiwergat om op 'n "oneerlike" manier die belydenisdoop teenoor die verbondsdoop te stel nie – die versoek vanaf hierdie leraars en lidmate het dit duidelik afgewys. Dis nie goeie teologie of geloofspraktyk nie.

5. Hulle wonder oor die vraag of 'n herinterpretasie van die Belydenisskrifte moontlik is of selfs nodig is? Hulle dink hieroor na in die lig van ontwikkelings sedert die ontstaan van die Belydenisskrifte soos byvoorbeeld 'n nuwe verstaan van die literatuurwetenskap en gepaardgaande nuwe eksegetiese metodologie en nuwe teologiese insigte. Op watter verantwoordelike wyse kan hierdie insigte herbesoek word? Hulle is ook diep bewus daarvan dat ons deel is van 'n wêreldorde en kerkomgewing wat ver verwyderd staan van die historiese konteks waarbinne die Belydenisskrifte ontstaan het. Wat beteken "ecclesia reformata semper reformanda" oor 'n saak wat ons belydenis raak?

6. Die vraag word gevra of dit verantwoordelike teologie is om 'n gesprek oor die erkenning van 'n belydenisdoop-praktyk telkens teen die muur van die afwysing van die wederdopers (anabaptiste) te laat vasloop terwyl hedendaagse kerke wat die belydenisdoop onderskryf as ware kerk van Christus erken word.

7. Na aanleiding van die 2015 besluit 4 punt 1.7.3 op bladsy 61 kan ook gevra word of dit goeie Gereformeerde teologie is om te besluit dat 'n saak nie weer oorweeg kan word nie?

B.6. Die moontlike bediening van die nagmaal deur nie-geordende kerkraadslede: Refleksies oor die amptelike bediening van Woord en Sakrament in die konteks van bedieningsnood

INGEDIEN DEUR: Noordelike Sinode

DIE BEHOEFTE
Die vraag oor die bediening van nagmaal deur ouderlinge het sy oorsprong in plattelandse gemeentes waar daar soms 'n gebrek aan geordende leraars is om die nagmaal te bedien. Hierdie vraag roep dieper vrae rondom o.a. die aard van die amp, die sakramente en die kerk op. Hier is nie ruimte om volledig daaroor besin nie en slegs enkele ter sake perspektiewe word aangeraak.

WAT IS DIE (VOLLEDIGE) EREDIENS?
Sonder om in diepte te handel oor die wese van die erediens, sou daar ten minste gesê kon word dat die NG Kerk besluit het dat die volledige Christelike erediens bestaan uit beide die bediening van die Woord en die Sakrament, en dat die volledige viering van die erediens nastrewenswaardig is. Hierdie onlosmaaklike eenheid van Woord en Sakrament het besliste implikasies vir ons verstaan van die ampte van die kerk.

AARD VAN ORDENING
Ordening geskied met die oog op die viering van die Erediens bestaande uit die bediening van die Woord en sakrament (doop en nagmaal). Mense word tot die amp(te) georden om leiding te neem in die amptelike erediens.

ONLOSMAAKLIK DEEL VAN MEKAAR
Om ‘n koherente begrip op die rol van die ampte te verkry, is dit belangrik om sake wat onlosmaaklik deel is van mekaar nie van mekaar te skei nie.

Hierbo is beklemtoon dat Woordbediening en die sakramentsbediening nie van mekaar geskei mag word nie. Dit is ewe belangrik om ook nie die twee sakramente van mekaar te skei nie.

Verder kan dit as ‘n goeie vertrekpunt geneem word dat die antieke tradisie (ook die gereformeerde tradisie) dit handhaaf dat soos Woord- en sakramentsbediening nie van mekaar geskei kan word nie, die verantwoordelikheid vir die bediening van die Woord en sakrament ook nie van die pastorale verantwoordelikheid geskei behoort te word nie.

As ons aanvaar dat die bediening van Woord en Sakrament en pastorale verantwoordelikheid onskeibaar is, dan sit ons tans met ’n onhoudbare situasie waar ’n proponent die Woord mag bedien, maar nie die sakramente nie en ’n ouderling preek-vergunning ontvang, maar nie die nagmaal en doop mag bedien nie.

Om georden te word is om die verantwoordelikheid en gesag van die gemeente en die breër kerk te ontvang om leiding te neem by ‘n amptelike, volledige erediens wat uit die bediening van die Woord en Sakramente bestaan. Hiermee saam gaan ook die verantwoordelikheid om namens die kerk die pastorale sorg van die gemeente wat vanuit en na die erediens vloei, te onderneem.

MOONTLIKE OPLOSSINGS IN ‘N KONTEKS WAAR DAAR NIE GENOEGSAME TOEGANG TOT DIE SAKRAMENT IS NIE BY GEBREK AAN ‘N GEORDENDE LERAAR.

Die oplossing vir hierdie probleem wat die wydste ondersteuning in die ekumeniese gemeenskap geniet, is om die plaaslike leierskap wat pastorale verantwoordelikheid van die gemeente ontvang het, te orden.

Dit word wyd aanvaar dat sulke persone ‘n vorm van opleiding sal ontvang, maar nie noodwendig van dieselfde formaat as kandidate vir voltydse bediening nie, en dat hulle nie noodwendig aan dieselfde vereistes sal moet voldoen as dié vir keuring vir teologiese opleiding nie.

Verder word aanvaar dat hulle, hul verantwoordelikheid, soos trouens die geval met geordende predikante is, onder toesig van die ring sal uitoefen.

Dit word ook aanvaar dat sulke geordendes nie na ’n ander gemeente of werkkring kan skuif met behoud van die bevoegdheid om die Woord en sakramente te bedien nie.

Van al die opsies wat tot dusver oorweeg is, blyk hierdie praktyk prinsipieel en prakties die mees aanvaarbare.

VIR OORWEGING MET DIE OOG OP 'N KOHERENTE AMPSBESKOUING EN BEDIENINGS-PRAKTYK

Daar is reeds reëlings in plek vir die opleiding van ouderlinge met preekvergunning wat eredienste lei.

Vir ouderlinge wat preekvergunning verkry werk die proses tans as volg: *Die ring of ringskommissie wys uit die ring ‘n predikant aan wat hierdie ouderling deurlopend begelei. Die begeleiding konsentreer op Woord- en leersuiwerheid en die inkleding van die erediensliturgie. Dieselfde mentor of begeleier lewer jaarliks skriftelik verslag aan die ring oor die geskiktheid van die betrokke ouderling vir die bediening van die Woord.*

Indien ons hierdie bestaande praktyk in die NG Kerk uitbrei met praktyke uit die ekumeniese wêreld, dan behoort die volgende gedagtes in die huidige gesprek oorweeg te word:

* **Plaaslike presbiters met bevoegdheid in ‘n spesifieke werkkring.** Diesulkes is nie beroepbaar na ‘n ander gemeente nie, en het ook nie bedieningsbevoegdheid in ander werkkringe nie. Plaaslike presbiters ontvang begeleiding van Begeleier Presbiters, en staan onder toesig van die Ring wat verteenwoordig word deur die Voorsittende Presbiter.

* **Beroepbare presbiters** wat bedieningsbevoegdheid in ‘n spesifieke werkkring het en onder toesig en uitnodiging van ander gemeentes/kerkverband in ander kontekste die Woord en Sakrament kan bedien. Beroepbare Presbiters ontvang begeleiding van Begeleier Presbiters, en staan onder toesig van die Ring wat verteenwoordig word deur die Voorsittende Presbiter.

* **Begeleidende presbiters** met bedieningsbevoegdheid wat ook begeleiding moet ontvang en wat die verantwoordelikheid en voorreg het om ander presbiters namens die Ring te begelei. Ook hulle staan onder toesig van die Ring wat verteenwoordig word deur die Voorsittende Presbiter.

* **Die Voorsittende Presbiter** is ‘n begeleidende presbiter wat deur die ring verkies is om die verantwoordelikheid namens die ring te neem om die presbiters van die ring te begelei.

Diakens vervul die gekombineerde rol wat ouderlinge en diakens as kerkraadslede in die verlede vervul het.

TEN SLOTTE
Die praktyk wat hier voorgestel word, is minder ingrypend as wat die geval is met die model wat in die dokument "*Raamwerk vir Missionale Bedieningsontwikkeling in die NG Kerk*" voorgestel word.

Die ampsbeskouing en -bediening wat hierbo kortliks beredeneer is, is geanker in ’n verantwoordelike hermeneutiek én die ekumenies-gereformeerde tradisie, sonder om die tradisie slaafs na te volg.

Dit is ook so dat so ‘n voorstel die rol van die kerkverband en met name, ringsontwikkeling sterk in die kollig plaas.

B.7. Huweliksbevestigers

INGEDIEN DEUR: Vrystaat Sinode

Alle administrasie ten opsigte van nuwe aansoeke, adreswysigings, bedankings, ensovoorts, rakende die huweliksbevestigers van die NG Kerk Vrystaat, word deur me Thea Bosman namens die Skriba, NG Kerk Vrystaat, hanteer. Dit is reeds ‘n paar jaar wat die Sinode Vrystaat nie meer met die plaaslike Departement Binnelandse Sake (DBS) mag korrespondeer nie, maar slegs met hul hoofkantoor in Pretoria. Hierdie tipe korrespondensie geskied ook slegs per slakkepos en met in aggenome die swak diens wat die SA Poskantoor die afgelope paar jaar lewer, raak dit ‘n groot krisis. Die volgende voorbeeld word voorgehou:

‘n Jong leraar word in ‘n gemeente bevestig, hy/sy versoek ons kantoor om namens hom/haar aansoek by DBS Pretoria te doen om as huweliksbevestiger geregistreer te word. Al die nodige inligting word dan van hom/haar ontvang waarna ‘n amptelike brief aan DBS Pretoria gerig en gepos word (die afgelope paar maande word elke aansoek/versoek/opvolgskrywes, wel per e-pos aangestuur, na ‘n telefoniese gesprek met een van die DBS-amptenare, maar dit los steeds nie die stadige verloop van die proses enigsins op nie!) Indien ons baie gelukkig is, word daar binne 6 - 8 weke ‘n antwoord met ‘n handleiding vanaf Pretoria ontvang, met instruksies dat die betrokke leraar binne ses maande vanaf die datum van hul brief, ‘n afspraak by sy/haar plaaslike DBS-kantoor moet maak om die nodige toets af te lê. Die leraar word onmiddellik hiervan per e-pos in kennis gestel en hulle word versoek om so spoedig moontlik die handleiding by ons kantoor af te haal.

Sodra die leraar vir ons in kennis gestel het wanneer hy/sy die toets afgelê het, word dit ongeveer ‘n maand na hierdie datum weer per brief (e-pos) met DBS Pretoria opgevolg. Hierdie proses kan soms nog ‘n verder 3 - 6 maande neem (met nog opvolgskrywes tussendeur) voordat hulle ons in kennis stel wat die uitslag van die betrokke leraar se toets was. Indien hy/sy geslaag het, ontvang ons ‘n registrasiesertifikaat van hulle wat dan aan die leraar besorg word. Indien hy/sy nie die toets geslaag het nie (slaagpersentasie is 75% - soms druip hulle slegs met ‘n persentasiepunt of twee), word

hierdie hele proses weer van vooraf begin. Die ervaring is dat enige vorm van korrespondensie tot meer as ‘n jaar+ kan duur voordat alles afgehandel is (sluit ook adreswysigings van leraars/emeriti in, wat beteken dat hulle leêrs vanaf een DBS na ‘n ander kantoor moet skuif, dit word ook via DBS Pretoria gedoen).

Die jonger leraars kan nie altyd verstaan dat hierdie hele proses so lank neem nie, aangesien hulle in ‘n tegnologiese tyd leef en nie gewoond is aan die rompslomp van die staat! Leraars wat reeds baie jare as huweliksbevestigers dien, kla ook gedurig oor die swak diens wat by plaaslike Binnelandse Sake se kantore gelewer word en sommige van hulle het al genoem dat hulle as huweliksbevestigers wil bedank, want die kool is nie meer die sous werd nie!

Die kort en die lank hiervan is dat dit al hoe moeiliker raak vir leraars van die NG Kerk (nuwes en ouer leraars), om as huweliksbevestigers te registreer/funksioneer. Ons kantoor se raad aan nuwe leraars sonder ‘n amptelike registrasiesertifikaat wat graag vriende/familie/lidmate in die huwelik wil bevestig, is om die voornemende bruidspaar te versoek om die amptelike deel van die huwelik eers deur Binnelandse Sake/gemagtigde landdros te laat voltrek en dan die kerklike deel van die seremonie daarna af te handel. Die ander moontlikheid is om ‘n mede-leraar te versoek om die amptelike seremonie af te handel, maar dit is nie altyd moontlik nie!

Die vraag word dus gevra: Hoekom moet die onus om persone met al die rompslomp wat daarmee gepaard gaan, in die huwelik te bevestig, steeds op predikante rus? Met die swak dienslewering in Suid-Afrika wat al hoe erger word, sou dit nie moontlik wees om na ‘n ander opsie te kyk nie? Ons kantoor is bewus van ander Sinodes wat met dieselfde probleme te kampe het. Hierdie probleme is reeds in gesprekke met betrokkenes, onder die kantoor van die Algemene Sinode se aandag gebring, maar tot dusvêr het daar geen verbetering gekom na beloftes dat hulle die aangeleentheid met DBS Pretoria sou opneem nie.

Aanbeveling: Die Vrystaat Sinode versoek die Algemene Sinode om:

- die kwessie van registrasie van huwelikbevestigers dringend met die Departement van Binnelandse Sake op te neem, ten einde die proses om te registreer drasties te stroomlyn en te bespoedig, deur ondere andere te versoek dat dit deur plaaslike kantore hanteer en afgehandel word;

- die kwessie van die funksionering van huweliksbevestigers dringend met die Departement van Binnelandse Sake op te neem, ten einde die indien van voltooide registers moeiteloos te maak, die verandering in adres- en huwelikskantoor van huweliksbevestigers te stroomlyn en die opvolg van registrasies wat sloer, te vergemaklik;

- dit te oorweeg om by gebrek aan verbetering in die situasie rondom huweliksbevestigers, die NG Kerk se predikante te onttrek as huwelikbevestigers van die Staat en by lidmate aan te beveel om huwelike by ‘n kantoor van Binnelandse Sake, of deur ‘n landdros te laat voltrek, afsonderlik van die kerklik ingeseëning daarvan.

B.8. Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge

INGEDIEN DEUR: Vrystaat Sinode

Die amptelike handleiding wat deur die Algemene Sinode saamgestel is en waaruit leraars en ander personeel se dienskontrakte, ensovoorts deur Sinodale Kantore en kerkrade saamgestel word, is verouderd en is sedert 2010 nog nooit weer aangepas nie. Die kantoor en die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK), kry gedurig navrae hieroor, vernaamlik wanneer ‘n nuwe leraar wat ‘n beroep na ‘n gemeente aanvaar het, se dienskontrak, ensovoorts, opgestel moet word. Die nodige aanpassings word op die verouderde inligting aangebring, maar dit kan moontlik in die toekoms regstegniese probleme veroorsaak.

Aanbeveling: Die Vrystaat Sinode versoek die Algemene Sinode om die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge dringend te hersien om voorsiening te maak vir die behoeftes aan beroepsbriewe, diensooreenkomste, aktes van demissie, riglyne vir verlof en ander relevante sake wat voortspruit uit die verskeidenheid predikantsposte in die NG Kerk. Die aard van Vaste Termynposte (emeriti

ingesluit) en Tentmakerposte, maak veral die opstel van beroepsbriewe en diensooreenkomste, asook die vasstel van verlof ingewikkeld en selfs verwarrend. Dit het tot gevolg dat predikante soms verskillend deur gemeentes hanteer word en dat diensooreenkomste nie aan al die wetlike vereistes voldoen nie. Eenvormige beginsels en riglyne vir die hantering van predikante in al die poste kan tot groter billikheid en regsekerheid lei.

B.9. Samestelling van die Algemene Sinode

INGEDIEN DEUR: Moderamen – NG Kerk Namibië

Lidmaat-getalle weeg te swaar

1. Met dié dat die Algemene Sinode (AS) 'n vergadering van sinodes is, is die verteenwoordiging tans te sterk aan die oorhel na die grootte van sinodes soos gereflekteer in die aantal lidmate, wat die onderbou is vir 50% van die afvaardiging.

2. Dit is duidelik dat die bedoeling in 1962 gemik was op 'n goeie balans tussen die sinodes wat saamkom in die Algemene Sinode se verteenwoordiging.

3. Feit is dat verskillende sinodes se plaaslike omstandighede aansienlik onderling verskil.

4. In die stuk onder hand van Prof. Dr. Piet Strauss, wat onder aangehaal word, word daar verwys na oorheersing a.g.v. getalleoorwig wat aan een sinode bo 'n ander gegee word. Verder word daar verwys na die potensiaal vir ongelukkigheid wat daaruit kan voortspruit – veral as daar 'n gevoel ontstaan dat die een heers oor die ander.

'n Voorbeeld in Handelinge
5. Die Bybelse weg is een van luister na mekaar, bid saam en akkommodeer en respekteer mekaar se hoor van die wil van God in eie konteks – dit word duidelik gereflekteer in die uiteindelike besluit in die eerste "sinode" soos verhaal in Handelinge. Ook die manier waarop die besluite oorgedra is aan die gemeentes wat ver van Jerusalem weg was, gee uiting hieraan.

6. Die manier waarop die verhaal vertel word gee ook blyke daarvan dat hier nie oorheersing van een groep bo 'n ander was nie. Die saak waaroor dit gegaan het was diepgrypend want dit het die hart van die evangelie geraak. Dit het te make gehad met diep verskille in agtergrond van die gelowiges wat mekaar moes oorleg pleeg. Aanvanklik was die twee groepe myle uitmekaar. Tog, vanweë die respek waarmee gehandel is, vind die afvaardigings mekaar.

Pariteit beginsel
7. Die pariteit beginsel is in 1962 so hanteer dat elke sinode 50 afgevaardigdes gehad het en dat die NGK in Suid-Afrika drie keer die getal gehad het. In Prof Piet Strauss se artikel (Die Nederduitse Gereformeerde Kerkorde van 1962: Die Dordste Kerkorde aangepas by die eise van ons dag? – In die Skriflig/In Lucile Verbi,19 Oktober 2016), sê hy die volgende:

8. "Hierdie ongelukkige, ongereformeerde huwelik tussen die DKO en die praktyk van die NGK bly tot vandag toe – dit is die tweede waarneming – 'n onopgelosde probleem. Daarom dan die voortgaande besinning in die NGK oor die verskil in die terreine tussen die sinodes en die Algemene Sinode, en die besinning oor die korrekte samestelling van sinodes en veral die Algemene Sinode. Dit is sinodes wat uit die NG Kerkverband as 'n verband van gemeentes as strukturele gelykes spruit. 'n Saak wat tot hierdie probleem bydra, is die feit dat die NGK by die samestelling van sy sinodes en sy Algemene Sinode nie 'n konsekwente beginsel volg nie. In 1962 is elke gemeente predikant plus 'n ouderling, of alternatiewelik al die gemeente predikante plus een ouderling per gemeente na sinodes afgevaardig (NGKO 1962:7). In 2014 vaardig gemeentes 'n persoon vir elke predikantspos in die gemeente en 'n gelyke getal (ander) kerkraadslede na sinodes af (ASR 2014:9). Hier is nie 'n gelyke verteenwoordiging van gemeentes of ampte nie (vgl die anti-hiërargiese en gereformeerde beginsel). Op hulle beurt vaardig sinodes in 2014 volgens 'n formule na die Algemene Sinode af: die helfte word bepaal deur die gelykwaardigheid van sinodes en die ander helfte deur die getal belydende lidmate in die sinodale gebied (NGK 2013:10). In 1962 was dit 25 predikante en 25 ouderlinge per sinode, met die Kaapse Sinode wat 75 predikante en 75 ouderlinge kon stuur (NGKO 1962:8).

9. “’n Voorbeeld dat hier nie konsekwent prinsipieel gedink is nie. Die moontlikheid van prinsipiële denke is op hierdie stadium ook verskraal deurdat staatkundige grense sinodale grense en groot en klein sinodes bepaal en gevolglik groot ongelykhede tot gevolg gehad het. Teen 2014 is die beginsel van strukturele gelykheid met die staatkundig demokratiese vertrekpunt gekombineer dat elke lidmaat proporsioneel verteenwoordig moet word. Dit is ’n nuwe soort Loedolff-benadering waar staatsdenke kerksake bepaal. Boonop is die getalle van 50 en 25 in 1962 en 2014 arbitrêr gekies. Hier is dus ’n kans verspeel om die NGK uit die pragmatiese vaarwaters te neem en konsekwent gereformeerd of Dordtsverantwoord te dink (vgl DKO, art. 41, 47, 50 in Pont 1981:180–182). Jonker se wens dat die DKO volledig deurwerk in die NGKO, kon ‘n alternatief gewees het.” Tot sover Prof Strauss.

Voorlegging aan ATR
10. Die Moderamen het deur die Namibiese Aktuarius, ds MJN vd Merwe, kennis geneem van ‘n gedeelte van ‘n voorlegging van Dr. Jorrie Potgieter aan die Algemene Taakspan Regte. Dit lui, onder andere:

2.2.2. Grote van die sinode: Aanvanklik is met die totstandkoming van Artikel 38 bepaal dat elkeen van die samestellende sinodes deur 50 afgevaardigdes – 25 ouderlinge en 25 leraars – verteenwoordig sou word. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Kaapse Kerk) sou egter reg op 150 afgevaardigdes hê. Met die afstigting van die drie Sinodes, Wes-, Oos-, en Noord-Kaapland word hierdie getal onder hulle egter verdeel. Omdat daar meer sinodes na 1962 tot stand gekom het, is die Algemene Sinode aansienlik vergroot. Dit het die Sinode verplig om die getal afgevaardigdes van 50 na 10 te verminder. Dit impliseer dat die Algemene Sinode ’n groter verkleinde sinode word, aangesien al hoe minder verteenwoordigers per sinode na die Algemene Sinode gestuur is.

Dit is presies wat in die 2015 Kerkorde van die Nederduitse Kerk gebeur. Artikel 38.1. bepaal dat die Algemene Sinode wat uit 10 sinodes bestaan, slegs uit 200 lede bestaan. Hieruit word 10 persone per sinode afgevaardig, wat die getal tot op 100 bring. Daarna word die ander 100 proporsioneel volgens die aantal belydende lidmate van die sinodes saamgestel.

Hoewel die beginsel van die grote van die sinode tot sy reg kom (verkleinde sinode), neem hierdie samestelling nie die werklike demografiese verskille van die kerk in ag nie. Aangesien die ou Kaapse Kerk (Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika) die grootste aantal verteenwoordigers op die Algemene Sinode het, kan hierdie sinode die Algemene Sinode dus in ’n rigting druk wat nie die “gees van die kerk” in die breë verteenwoordig nie. Dit kan tot groot ongelukkigheid in ander sinodale streke aanleiding gee.

Die Algemene Sinode kan op vier maniere saam gestel word: Eerstens kan dit saamgestel word uit al die gemeentes van die Ned. Geref. Kerk. Hierdeur word die werklike stem van die hele kerk gehoor. Dit is egter nie ’n prakties werkbare moontlikheid nie, aangesien daar te veel gemeentes in die Kerk is. Dan kan die Sinode tweedens saamgestel word soos dit nou gedoen word. Hoewel dit die sinode ’n meer vaartbelynde sinode maak, hou dit die gevaar in dat dit ander sinodale streke van die Algemene Sinode kan vervreem indien besluite wat vreemd aan die manier hoe die ander sinodes die Skrif lees, geneem word. Derdens kan die Algemene Sinode steeds ’n verkleinde sinode wees, maar met meer afgevaardigdes. Hierdeur kan die stem van die kerk duideliker gehoor word. Dit neem steeds nie die gevaar weg dat een streeksinode die Algemene Sinode kan “kaap” nie. ’n Beter opsie sou vierdens wees dat aangesien die kerk nie ’n parlement is waar stemme per kies afdeling verteenwoordig behoort te word nie, dit eerder wenslik is dat elke sinode, ongeag die grote daarvan eweveel verteenwoordigers sal hê. Proporsionele verteenwoordiging per sinode maak van die Algemene Sinode ‘n vergadering van gemeentes en nie sinodes nie.

Die prinsipiële gereformeerde kerkregtelike beginsel is eerder dat die Algemene Sinode ’n vergadering van sinodes (wat uit ampsdraers bestaan) is en nie lidmate nie. Die huidige model is ’n meer kollegialistiese model. Die rede hiervoor is dat die plaaslike gemeentes per implikasie proporsioneel hul stem op die samestelling van die Algemene Sinode afdruk, en dat streeksinodes dus nie tot hulle reg kom nie.

2.2.3. Samestelling van die sinode: Die Algemene Sinode is ‘n vergadering van sinodes. Omdat dit nou sinodes is wat verteenwoordigers afvaardig, is hierdie sinode ’n direkte en verskaalde sinode wat verteenwoordiging betref. In die gees van die gereformeerde kerkreg het die Sinode sedert 1962 bepaal dat dit slegs ampsdraers is (predikante en ouderlinge) wat na die Algemene Sinode gestuur mag word.

2.2.4. Afgevaardigdes: Artikel 38 van die Kerkorde van 1962 bepaal dat die helfte van die afgevaardigdes predikante, en die ander helfte ouderlinge moet wees. Dit is betekenisvol dat die ouderling tot sy reg by die Algemene Sinode kom. Daarmee word die presbiteriale karakter van die regeerliggaam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk verseker. Dit is wat ek die Presbiteriaal-Sinodale stelsel (presbiteros en synodos) noem. Ouderlinge word selfs in die breë Moderatuur opgeneem. Dieselfde beginsel geld ook vir die Kerkorde van 2015.

Advies

11. In die lig hiervan adviseer die Namibiese Moderamen dat pariteit beginsel voorrang moet geniet in die toekenning van die aantal lede wat deur elk van die samestellende sinodes gestuur mag word.

12. Die samestelling sou só kon lyk: 80 persent van die afgevaardigdes word gelykop verdeel deur die samestellende sinodes en 20% word verdeel deur ‘n faktor toe te pas op die aantal lidmate in elk van die sinodes; dus word die aantal plekke soos volg bepaal:

$$\frac{\textit{(20\% x aantal plekke)}}{\textit{Totale aantal belydende lidmate in die Ned Geref Kerk soos bepaal deur die Taakspan Fondse op grond van die statistiek}}$$

13. Indien die afvaardiging steeds 200 is, is die toekenning so verdeel dat 160 afgevaardigdes deur die 10 sinodes verdeel word – dus kry elk 16 afgevaardigdes; die restant word dan bepaal deur die aantal lidmate van elk van die sinodes met ‘n faktor te vermenigvuldig.

(As voorbeeld: sou die Ned Geref Kerk 600 000 lidmate hê – per onlangse statistiek - lyk die som so: 40/600000 = 0.000066667; Namibië (kleinste sinode) met 14 600 Belydende lidmate se verteenwoordiging is dus: 14600 x 0.0000666667 = 0.97 = 1; Wes- en Suidkaap (grootste sinode) met 188 800 is: 188 800 x 0.0000666667 = 12,58 = 12 of 13 afhangende van die res van die getalle. Dus is Namibiese afvaardiging 17 en Wes-en Suid Kaap 28/29.)

(As die afvaardiging 400 is, is die som so: 80% van 400 = 320. Vaste afvaardiging is dus 32. Die faktor is: 80/600000 = 0.000133333. Namibië se ekstra afgevaardigde komplement is dus 14600 x 0.0001333333 = 1,9467 = 2; Wes- en Suid Kaap s’n is dus 188800 x 0.0001333333 = 25,17 = 25. Volle afvaardigings is dus onderskeidelik 34 en 57.)

AANBEVELING:

14. Die Algemene Sinode wysig Kerkorde Artikels 38.1.1 en 38.1.2 soos volg:

38.1.1 80% van die afgevaardigdes word gelykop verdeel tussen die samestellende sinodes.

38.1.2 20% van die afgevaardigdes word bepaal deur ‘n faktor toe te pas op die aantal lidmate in elk van die sinodes.

B.10. Eie Teologiese Kweekskool

INGEDIEN DEUR: Kerkraad – NG Gemeente Eendracht (Sonder kommentaar deurgegee deur Hoëveld Sinode)

Formulering: Dit het baie nodig en selfs noodsaaklik geword dat die NG Kerk één inrigting het waar teologiese studente van ons Kerk opgelei word. Voorts moet hierdie een Kweekskool of Seminarium in alle opsigte, ook finansieel, selfstandig funksioneer onder toesig en beheer van die Kerk alleen.

Motivering: Die teologiese opleiding gekoppel aan staatsuniversiteite het 'n probleem geword. Dosenteposte word deur die Staat gedra en gesubsidieer. Dosente maak uitlatings wat 'n teologiese raamwerk uitstraal wat vreemd is in die NG Kerk.

Voorts kan die teologiese opleiding by staatsuniversiteite nie bydra tot die eie identiteit en unieke teologie en spiritualiteit van ons kerk nie

Aanbeveling: Dat die Algemene Sinode van die NG Kerk dringend daaroor besin om oor te gaan tot die oprigting van 'n eie teologiese Kweekskool of Seminarium

B.11. Kerkorde Artikel 26 & Kerkorde Artikel 27

INGEDIEN DEUR: Sinodale Taakspan Kerkorde: Vrystaat Sinode

Ontvang hiermee 'n voorstel vir 'n beskrywingspunt aan die Algemene Sinode 2019 en 'n voorstel om ons eie besluite te wysig, beide vir oorweging deur Moderamenvergadering (VS) van 22 Januarie 2019.

1) Artikel 26
'n Beskrywingspunt oor die uitbreiding van Kerkorde artikel 26 wat tydens die Vrystaatse Sinode 2017 ontvang is, is na die STK verwys om die Moderamen met 'n aanbeveling te dien. Die STK beveel aan dat die volgende as beskrywingspunt aan die Algemene Sinode 2019 deurgestuur word:

Die Vrystaatse Sinode versoek die Algemene Sinode om in die lig van versoeke daartoe opnuut te besin oor die uitbreiding van Kerkorde artikel 26.2: *Die kerkraad bestaan uit al die predikante, asook die ouderlinge en diakens*, om meer kategorieë as predikante, ouderlinge en diakens in te sluit. Dit moet gedoen word in gesprek met die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 30: *DIE REGERING VAN DIE KERK: Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons in die Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word. Daar is naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm*.

Ons besef dat daar baie mense is wat tevrede is dat die kategorieë beperk bly tot predikante, ouderlinge en diakens. Daar is egter stemme in die Vrystaatse NG Kerk wat vra vir 'n uitbreiding van Artikel 26. Daar is gemeentes wat om verskillende redes gemeenteleiers in ander kategorieë bevestig wat deel behoort te vorm van die kerkraad. In die gesprekke hieroor funksioneer NGB Artikel 30 egter nie baie prominent nie en daarom is dit dalk belangrik om as deel van die gesprek hieroor dit pertinent in te bring. Dit is immers deel van ons belydenis.

2) Aantekening 27.1
Die Vrystaatse Sinode 2017 het 'n beskrywingspunt ontvang waarin versoek word dat daar duideliker riglyne gegee word oor die aantal persone waaruit 'n kerkraad behoort te bestaan. Dit bly egter 'n moeilike saak om vir elke individuele geval 'n voorskrif te gee. Die Vrystaatse gemeentes verskil wesenlik van mekaar in grootte, samestelling en konteks. Ook in die saak van gelyke aantal ouderlinge en diakens is daar 'n verskeidenheid oorwegings wat 'n rol kan speel. Die STK se aanbeveling is 'n poging om duideliker riglyne te gee sonder om voorskriftelike te wees.

Ons eie aantekening 27.1 by Artikel 27 lees tans
Dit is wenslik dat 'n kerkraad nie uit te min persone bestaan nie. Om hiërargie en ampsoorheersing uit te skakel behoort daar 'n gelyke getal ouderlinge en diakens te wees.

Die STK beveel aan dat die Moderamen dit verander om te lees:

"*Dit is wenslik dat 'n kerkraad nie uit te min persone bestaan nie. Diskresie moet aan die dag gelê word in oorleg met die ring, maar die minimumgetal behoort 10 lede te wees, insluitende die leraar(s). Om hiërargie en ampsoorheersing uit te skakel, behoort daar 'n gelyke getal*

***ouderlinge en diakens te wees, maar indien daar volgens die kerkraad redes bestaan waarom dit anders gedoen behoort te word, word die ring in hierdie verband geken vir advies en goedkeuring.*"**

B.12. Selfdegeslagverbintenisse

INGEDIEN DEUR: Sinode van Wes-Kaapland

1. Die Algemene Sinode neem kennis dat verskille in die kerk ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg tot vasgelooptheid gelei het, en dat voortgaande besinning oor verantwoordelike Skrifuitleg steeds nodig is.

2. Die sinode bely egter dat die eenheid van die kerk gefundeer is in 'n eenheid met Christus en die belydenisgrondslag, en dat hierdie eenheid nie verbrokkel wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak verskil word nie, maar verryk en verdiep word.

3. Die sinode is verbind tot 'n voortgaande en nederige diepe luister na mekaar, met respek vir mekaar se uiteenlopende benaderings, Skrifhantering en hermeneutiek.

4. Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om voort te gaan met die skep van gesprekruimtes vir gesonde geloofsonderskeidende gesprekke oor hierdie (en ander) teologies-etiese kwessies, en toe te sien dat:
4.1 hierdie ruimtes inklusief en divers bly;
4.2 nie oor ánder te praat nie, maar eerlik en broos vanuit die eie posisie, en
4.3 daar werklik erns gemaak word met die Woord van God.

5. Die Algemene Sinode respekteer kerkrade se reg om geloofsonderskeidende gesprekke in hulle eie kontekste te voer en moedig kerkrade aan om deurdagte en verantwoordelike besluite te neem.

6. Die Algemene Sinode moedig kerkrade aan, om by die aanwysing van persone in die ampte, lidmate se:
6.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,
6.2 toegang tot die sakramente,
6.3 integriteit van verhoudings, en
6.4 geskiktheid vir die spesifieke rol in ag te neem
6.5 ongeag ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie en -identiteit.

7. By die legitimasie van teologiese studente, moet die studente se:
7.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,
7.2 toegang tot die sakramente,
7.3 integriteit van verhoudings, en
7.4 teologiese- en bedieningsvorming in ag te neem, ongeag ras, geslag, klas, of seksuele oriëntasie en -identiteit.

8. Die Algemene Sinode erken dat daar:
8.1 kerkrade en predikante is wat nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie,
8.2 ook kerkrade en predikante is wat wel hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.

9. Die sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig.

10. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om 'n formulier te ontwikkel vir die bevestiging van burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag.

11. Die Algemene Sinode
11.1 betreur dat die verloop van die debat en die besluite in die kerk die afgelope jare lidmate verwar en seergemaak het;

11.2 vra gay-lidmate en hulle families wie se menswaardigheid wetend en onwetend misken is, uitdruklik om verskoning vir die pyn wat hulle in die kerk beleef het;
11.3 verbind hom daartoe om in die gees van hierdie besluit ruimtes te skep vir gesprek waarin almal se menswaardigheid gerespekteer word.
11.4 Die Algemene Sinode bedank gay-lidmate wat volgehou het met waagmoedige en konstruktiewe gesprekke in die kerk.

12. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om voort te gaan met studie oor die huwelik en menslike seksualiteit met die oog op terugvoer aan die volgende sinode.